HOËRSKOOL GRENS

McJannetrylaan, Baysville, Oos Londen, 5241

TOELATINGSBELEID

Die toelating van leerders tot hierdie skool word gedoen ooreenkomstig die Skolewet en beginsels soos in hierdie Beleid vervat, met die goedkeuring van die Beheerliggaam van die skool. Met die toelating van leerders tot die skool word die volgende beginsels tegepas:

1. Hoërskool Grens is ‘n enkelmedium Afrikaanse skool wat voorsiening maak vir Akademiese onderrig.

2. By toelating is daar GEEN voorkeur ten opsigte van ras of kultuur nie en alle voornemende ouers/voogde/leerders sal dieselfde voorkeur geniet.

3. Die ouderdom van leerders word in ag geneem met toelating en daar word van leerders verwag om by hul ouerdomsgroep in te skakel. Die Departementele voorskrif in hierdie verband is die graad plus 6 jaar. (Bv. gr.9 + 6 = 15 jaar)

4. Volgens Departementele beleid word voorkeur aan leerders vanuit die direkte voedingsarea gegee en daarna aan omliggende streke totdat die betrokke grade vol is.

5. Wanneer die getal leerders per vak/leerarea bereik is, sal die toelating staak en indien daar leerders is wat nie aanvaar is nie, sal hul name op ‘n waglys geplaas word.

6. Die skool is ‘n Afrikaansmedium skool met slegs Afrikaans as voertaal en onderrigtaal. Indien leerders op akademiese gebied wil vorder, word dit dus van leerders verwag om in hierdie taal vaardig te wees.

7. Aansoek van voornemende leerders word gedurende die 3de kwartaal afgehandel. Alle ouers sal die nodige aansoekvorms, ens. ontvang en voltooi voordat die leerder(s) finaal toegelaat word. Bewys van geboorte, ID en vorige skoolrapport is onder andere noodsaaklik.

8. Geen toelatingseksamen word geskryf nie, maar daar kan wel van die leerders verwag word om plasingstoetse af te lê wanneer hulle aanvaar is.

BEHEERLIGGAAM: VOORSITTER

SKOOLHOOF